

# UIT DIE BOONSTE RAKKE

## ONS HELP JOU STAP VIR STAP ORDE IN JOU HUIS SKEP

**J**Y HOU van ruimte om jou, maar jy hou net soveel van al daardie kosbare aandenkings wat jy deur die jare opgebou het. Die probleem is dat hulle saam met jou versameling boeke en CD's dreig om al die kosbare ruimte in die huis te verswelg...

As jy met jou hande in die hare sit oor die deurmekaarspul in jou huis, is dit tyd dat jy Cashbuild se hulp inroep. Kyk net watter wonderlike oplossing bied hulle jou: Rakke wat teen die muur gemonteer word en jou in 'n kits netjiese bêreplek help skep vir boeke, gereedskap, speelgoed en sommer enige ding wat onnodig ruimte in beslag neem. En om alles nog makliker te maak, sal jy alles wat jy hiervoor nodig het, by Cashbuild kry – van die gereedskap tot die materiaal.

### Wat jy nodig het

Potlood, boor en boorpunte, waterpas, skroewe en skroefproppe wat by die skroewe pas, 'n skroewe-draaier, stutte, hamer en rakke.

■ Vra jou Cashbuild-verkoopskonsultant watter skroewe en skroefproppe die beste sal wees vir jou rakke – dit sal van die gewig afhang wat hulle gaan dra. Maak ook seker van die grootte



FOTO TER ILLUSTRASIE

en soort boorpunt wat jy nodig gaan kry vir die oppervlak waarteen jy die rak gaan aanbring.

### Vorbereiding

Besluit vooraf waar jy jou rak wil aanbring. Hou in gedagte dat die gate vir die stutte nie naby enige elektriese bedrading in die muur mag wees nie. Vir ons voorbeeld het ons 'n rak van 1,5 m lank en twee stutte gebruik. Vir langer rakke sal jy dalk bykomende stutte nodig hê.

### STAP 1

Gebruik die potlood en merk liggies die posisie van die skroewe

wat die stutte op die muur in posisie gaan hou. Gebruik die waterpas om seker te maak jy het die merke vir albei stutte op dieselfde hoogte gemaak.

### STAP 2

Boor die gate vir die skroefproppe op die plekke wat jy gemerk het.

### STAP 3

Tik elke skroefprop liggies met 'n hamer tot die agterkant gelyk met die muur is.

### STAP 4

Nadat al die skroefproppe ste-

wig in posisie is, moet jy die stutte met skroewe aan die muur heg. Plaas die rak op die stutte.

Gebruik die waterpas om weer seker te maak dit is gelyk. Sentreer die rak op die stutte. Gebruik die potlood om aan die onderkant van die rak te merk waar die stutte vasgeheg moet word. Boor op daardie plekke klein gate in die rak. Plaas die rak terug op die stutte en skroef hulle vas.

■ **Cashbuild het takke oor die hele Suider-Afrika. Opgeleide personeel is sewe dae 'n week aan diens om jou met navrae te help.**

■ **Of bel die Cashbuild-klêntedienslyn by 0860-100-582 of gaan na [www.cashbuild.co.za](http://www.cashbuild.co.za) vir nog inligting.** □

